Veenwouden - 1727

Van der Walt

Nuusbrief

Van der Walt Familiebond

Jaargang 21, nr 2, 2005

Posbus 40,
Potchefstroom, 2520
Tel : (018) 293-4000
Faks : (018) 293-4030
E-pos: Krause@PMiller.co.za

Nuusbrief van die Van der Walt Familiebond

INHOUD

1. Vd Walt Familiewapen
2. Fryslan - Land van herkoms
3. Biografiese skets van PD vd Walt
4. 'n Droom
5. Geskiedenis van Gaele vd Walt
6. Finansiële verslag (as aanhangsel)

Redaksioneel

Geagte Stamgenote

Ons het goeie reaksie van ons lede gekry op ons vorige nuusbrief. Ons sê baie dankie daarvoor. 'n Nuusbrief is afhanklik van bydraes van sy lede. Ons waardeer opbouende kritiek, soos die voorstel dat ons saam met die name van die mense na wie ons verwys of oor wie ons verslag doen in die nuusbrief, ook hulle genealogiese name & rekords gegee word tesame met noemname. Die probleem is dat die redaksie hulle ook nie ken by ander name as dié wat die korrespondent aanhaal nie.

Om die genealogiese name in die familie stamregister op te soek, is vir ons 'n onbegonne taak. Volgens die stamregister in die familie stamboek word daar bv. op ses bladsye na 'n CM van der Walt verwys. As die skrywer nie die volle besonderhede gee nie, kan ons ook nie na enigiemand anders verwys nie bv. kort Piet of Wit Lewies.

Die lede wat probleme het met die bestuur van die fondse (die R50'e van u intekengeld) kan gerus wees dat dit goed bestuur word deur die lede van die Bondsbestuur. Gekontroleerde jaarlikse finansiële state is beskikbaar aan enigeen wat daarna navraag doen, en die adres verskyn op die eerste bladsy van elke nuusbrief.

Sake waaroor daar in hierdie nuusbrief verslag gegee word, is dan ook die volgende:

1. Van der Walt Familiewapen.
2. "Fryslan" - Land van herkoms deur J.W. van der Walt.
3. 'n Kort biografiese skets van P.D. van der Walt, ons vorige redakteur.
4. 'n Droom, deur Bennie van der Walt.
5. 'n Oorsig oor die geskiedenis van die nageslag van Gaele van der Walt oor driehonderd jaar deur C.M. van der Walt.
6. Kort verslag van die jongste finansiële state van die Familiebond.

Bydrae van ons lesers

Van der Walt Familiewapen

Tereg wys die tweede uitgawe van die Geslagsregister daarop dat die vertolking van die Franse lelie of *fleur-de-lis* op die geregistreerde wapen van die familie Van der Walt wat in die eerste boek voorkom, nl. as slaande op die Franse herkoms van die stammoeder, verkeerd is.

Maar dis dié vertolking wat verkeerd is en nie die embleem nie. Die oorspronklike ontwerper van die wapen het wel met die insluiting van die Friese adelaar die Friese herkoms van die stamvader gesimboliseer, maar die *fleur-de-lis* verwys geensins na die stammoeder nie.

Die Franse lelie of *fleur-de-lis* is in die heraldiek of simboolkunde ‘n beeld van Christelikheid en bygevolg ook van reinheid. Die drie kroonblare van die blom dui op die Drie-Eenheid van God, en die wit kleur daarvan op geestelike reinheid. Dis ‘n oeroue teken of simbool en is deur die eerste Frankiese koning wat gekersten is, nl. CLOVIS, aangeneem as simbool in sy wapenskild.

Hierdie Clovis was van die Merovingiese koningshuis, later opgevolg deur die Karolingers, van wie Karel die Grote die bekendste vors was en wie se ryk die grootste deel van Wes-Europa beslaan het. Koning Carel (Charlemagne) van die Franke is op Kersnag van die jaar 1000 in Rome deur die Pous gekroon as Keiser van die Heilige Romeinse Ryk. Frankryk was eeue lank die kern van hierdie ryk met sy ontsaglike omvang en invloed, militêr, ekonomies en kultureel, met sy ridderwese en simboliek, dus ook die bakermat en grondslag van ons eie geërfde heraldiek.

Karel was, soos sy genoemde vroeëre voorganger, ‘n verromaansde Frank, maar wesenlik ‘n Germaan. Clovis is die verlatynsde weergawe van CHLODOVICH, Uit Clovis het die Franse LOUIS ontwikkel, ‘n naam bekend onder ons familielede. Die oudste uitspraak van LOUIS is LOWIE, wat in later tyd “LOEI” geword het. Ons eie voorgeslagte het nog ook soms die vorm LOWIE gebruik met beginklem (”LÓÓWIE”).

‘n Ander vorm wat CLOVIS aangeneem het, is LEWIS/LEWIES. Laasgenoemde uitspraak is eie aan Afrikaans. Tot so twee-drie geslagte gelede is almal wat LOUIS gedoop is, LEWIES genoem, tot generaal Lewies Botha wat - soos sommiges dit gestel het - die Bittereinders in die Engelse Oorlog gedwarsboom het en voorkom het dat alle Afrikaners ten gronde gaan.

Van Clovis en Middeleeuse Frankryk het die heraldiek, ook ons eie, die Franse lelie as simbool op vlae, vaandels en wapenskilde geërf - met die aangeduide Christelike betekenis - en van dié vroeë Frankiese koning wat die Christendom omhels het, ook ‘n goeie Afrikaanse naam in sy talle variasies.

Of die ontwerper van ons familiewapen ook ‘n naamkundige was, weet ‘n mens nie. Wat hy wel geweet het, is dat ons familie ‘n Christelike grondslag en beleefde belydenis het. Dit is wat die *fleur-de-lis* op die wapen simboliseer en nie Anna Weyers se herkoms nie. Die ridderwese en die heraldiek met sy simbole was en is nog altyd patronimies, manlik oorheers.

P.D. van der Walt
Tuinhuis 44
Potchefstroom

"Fryslan" - Land van herkoms
deur J.W. van der Walt

Vroeë geskiedenis

Friesland is 'n ou land. 500 Jaar v.C. het die Friese al langs die grense, wat nou bekend staan as die Noordsee, gewoon. Friese perderuiters het in die Romeinse weermag gedien soos bv. uit die boek: *Equites Singulares* van keiser Nero (54-68), en ook in Groot Brittanje naby Hadrian se muur, gebou in die jaar 120 n.c. 'n Grafsteen van 'n Friese soldaat, wat in die Romeinse weermag gedien het, was gevind in Cirencester (Gloucesterhire) in Engeland. Tydens die ontstaan van die Friese era, het hulle jurisduksie vanaf België (die Swin) tot die Weser (in Wes-Duitsland) al langs die kus van die "Friese see", soos die Noordsee ook dan genoem was, gestrek. Later het die area noord gestrek tot verby die grense van Denemarke. Die naam *"Friesian Islands"*, en in Duits *"Friesische Inseln"*, vir die eilande langs die kus, herinner ons nog steeds aan die tyd. Die Friese was seevaarders, handelsdrywers, perdetelers en boere. Hiervan is die Friese melkkoei seker die bekendste en ook hulle pragtige perde wat spesifiek geteel was om die ridders te dra. Gedurende die Middeleeue bevaar hulle reeds die Friese see en die aangrensende riviere. In die Engelse dorp York het hulle 'n permanente handelspos gehad vir eeue. Dorestad was hulle eie handelsdorp. Weefstof was o.a. 'n belangrike handelsitem (1). Die stadige styging van die see, veroorsaak deur gesmelte ys vanaf die pole, tesame met 'n insinking van die aarde, deur die veenontginning, het hulle gedwing om grondhoogtes (*terpen, wierden)* te bou waarop hulle, hulle huise gebou het om hulleself sodoende teen vloede te beskerm. Eenduisend van hierdie *terpen* is bekend. Meeste van die dorpies langs die kus was hierop gebou. Tydens die jaar toe die noordelike gedeeltes van Nederland en bure Duitsland vir die Friese ontoeganklik was, het seemure hulle land veilig gehou teen die voortdurende stygende vloede. Die verhoging van die mure deur die eeue gaan voort en vandag nog word daaraan gewerk. Vandag is die mure amper vier keer hoër as 400 jaar gelede.

Die gebied van die "Westlauwersche Friese", soos hulle vandag genoem word, is deesdae beperk tot die Provinsie van Friesland in die noordweste van die Nederlandse koninkryk. Vier van die vyf Friese eilande vorm deel van die provinsie. Tipies van die plat landskap is die torings met die saalvormige dakke, die groot kopnek tipe plaas-huise en die "stelpel" met woonareas, veeskure en die hope hooi en mielie-oeste.

Landskap

Friesland is 'n oop landelike gebied en wat geen bergreekse bevat nie. Dit is ingedeel in twaalf klein provinsies waarvan die laaste een herwin is van die see. Dit bestaan uit tweeduisend hektaar belangrike weivelde. Ongeveer een vyde van Nederlandse grasvelde kom in die provinsie voor. Negentig persent word in beslag geneem deur veevoer gewasse. Friesland het van ouds soveel grasland omdat sommige grond (weerbarstige klei en veen grond) in die klei weiveld en die moerasareas net nie geskik is vir tuinbou nie.

Die landskap kan ingedeel word in die klei weiveld (greidhoek), veen gebied met die mere (Lage midden) en sandgrond (De Wouden en Gaasterland). Die streke word

streek (Bouwhoek) en Waddeneiland (2).
Geografies beslaan die provinsie veertien dele water. Behalwe 1560 vierkante kilometer van die Waddensee en 650 vierkante kilometer binnelandse water, waarvan die grootste deel Ijsselmeer beslaan die landoppervlakte 3350 vierkante kilometer. Die landoppervlakte word tagtig persent vir boerdery gebruik, twaalf persent is bedek met natuurlike bos en vyf persent is toegebou met huise, winkels, besighede, paaie of is ander verharde terreine.
Die gemeenskap wat ontwikkel het rondom van die kleistreke, was bepaal deur die see. Vanaf die sestiende eeu vorm die kleistreke 'n vrugbare strook langs die belangrike handelsroete van Europa. 'n Smal strook van kleigrond langs die kus wat skerp geskei word deur die ontoeganklikheid van die veenmoerasse en die afgeleë dorpies in die agterland (3).
Veengrond is 'n mengsel van grond met verrotte en half-verrotte plantmateriaal. Dit is dus natuurlik ryk aan natuurlike organiese materiaal. Die probleemis dat die grond soms te nat en die watertafel te hoog is. Soms plant die boere bome en struike op 'n uitstaande bultjie waar die wortels die moeras diep kan binnedring. Vir landbou is dit egter nutteloos, maar die veen kan wel gesny en gedroog word vir brandstof (4).

Sout en veen

Vir generasies was die Friese gemoeid met die ontginning van veen - die grawe, ontginning, verwerking en vervoer daarvan was 'n groot bron van inkomste. Skippersfamilies het lewenslank op die veenskuite gewoon, mense is op die skuite gebore en het op die skuite gesterf. Dit was 'n besonder harde lewe. Die oorlewingsfaktor vir kinders op die skuite was laag en gesinne was gevolglik nie baie groot nie. Hier en daar het kinders skoolgegaan wanneer die veenskuite vasgelê het (soos bv. in die winter as die water gevries was).
Witgoud, soos sout ook genoem was, was 'n belangrike bron van inkomste vir die vroeë inwoners van Friesland. Behalwe om die sout uit seewater te herwin, het hulle dit ook uit die veen gehaal. Die mense grawe die southoudende veen weg, wat terselfdertyd die omgewing verlaag het. Hulle het sover moontlik eers die omgewing buite die dyke benut om sodoende die see makliker terug te hou. Die nat veen word nou op hoër grond gestapel om uit te droog. Die blokke word met oop spasies gepak om die wind toe te laat om vrylik daardeur te trek om sodoende die uitdrogingsproses te versnel. Die droë blokke word daarna verbrand tot as wat hulle "zelbardnen" noem. Die as word dan in sakke gestop en na die soutwerke geneem waar die eintlike herwinning plaasvind. Die sakke as word in 'n kuip gegooi saam met seewater en goed geroer. Met toevoeging van meer as, word 'n goeie konsentraat van soutpekel gevorm. Die pekel word nou uitgetap in 'n platplan. Die droë veen word nou gebruik om die panne te verhit sodat die water kan verdamp en die sout bly dan agter (5).
'n Ander watergeöriënteerde beroep was natuurlik die vissersbedryf. Dit was minder hard as die veenskippersberoep en die vissersfamilies was op land gevestig en het in huise gewoon.

Veenwouden en vryheid

Die dorpie Veenwouden is geleë op die lengtegraad 53 grade 13 minute en 60 sekondes Noord en breedtegrade [breedtegraad] 6,0 minute Oos. Die dorpie is skaars 'n meter of drie voet bokant seevlak. In die somermaande word dit nooit warmer as die mid 20 grade Celsius nie en in die winter daal die temperatuur 10 grade benede vriespunt. In vroeë tye het die boere die huis bo-op die stalle gebou om sodoende die liggaamshitte van die diere te kon benut. Die diere was eers in Meimaand vrygelaat en dit was 'n alledaagse gesig om koeie regop in die lug te sien spring met die koms van die lente.

In hierdie omgewing het Gaele Andriesz grootgeword te midde van 'n volk wat baie tradisievas, sensitief, eiewys en somtyds passievol was. 'n Volk met hul eie volkslied, vlag en taal wat meer in gemeen het met die Engelse taal as Hollands (1). Hulle hardnekkige liefde vir vryheid is legendaries en van die oudste demokrasie was deur hulle beoefen. Hulle individualisme en vryheidsgevoel is vandag nog sterk karaktertrekke van die mense. Mense wat nie veel omgegee het om 'n merk in wêreldgeskiedenis te maak nie, tensy hulle vryheid bedreig was en dan het hulle met ongekende agressiwiteit geveg om dit te beskerm. In die agtste eeu het Charlemagne die mense van Friesland bevry om lojaliteit te sweer teen uitlandse onderdrukkers deur die woorde: "That all Frisians would be fully free, the born and the unborn, so long as the wind blows from heaven and the child cries, grass grows green and flowers bloom, as far as the sun rises and the world stands." (6)

Gaele as naam

In teenstelling met die eerste verklaring van Gaele se naam uit die Engelse taal, nl. "Flaw" is die hedendaagse Europese navorsers dit eens dat die naam eintlik die Friese variant van die Germaanse naam Gaito is. Dit beteken 'vol lewenskrag, dartel, blymoedig, vrolik.' Gailjan beteken dat ook daadwerklik om verblydend te wees. Ander variasies van die naam wat nog onder die Friese voorkom is: Geelles, Geelke en ook net kortweg Gel wat die Friese se gebruik van kort woorde goed demonstreer (7).

Die naam kom ook in verskeie vorms voor in die Mid-Nederlandse literatuur, bv. Roelant pg. 192, 335, 369, 472, ens. ens. Galeaen, Gelinus die ridder in diens van Karel die Grote. Dat dit 'n gewilde naam is, blyk uit die Franse webwerf meilleurs Prènoms.com, waar in 1972, 49 babas so genoem was. In 2001 dui hulle statistiek dat daar 638 Franse burgers is met die naam (8). In sekere families verander die naam ook na Michiel soos dit ook voorkom onder Gaele se seun Andries se nageslag.

Slot

In 1747 arriveer Geele (gaele) van der Walt op sy huurplaas Uijtkyk in die Roggeveld. Hier het hy seker baie dae uitgetuur na die berge op die noordoostelike horison en moes hy en die handjievol ander boere om hom alreeds besef dat hulle aan die voorpunt staan van 'n nuwe land met 'n nuwe bevolking. Die uitsig het hom glad nie aan sy geboorteland herinner nie. Die snerpende winterswind het miskien wel die aangename tye wat hy saam met sy familie in sy geboorteland deurgebring het, na vore gebring.

Die families in die Roggeveld het geweet dat hulle in daardie rigting sal trek vir beter weivelde vir hulle vee, maar ook om 'n nuwe nageslag met dieselfde vaste beginsels as hulleself daar te vestig. 'n Jong volk sou later deur generasies ontwikkel wat nie sou terugdeins vir die magtigste wêreldoorheerser van sy tyd nie. Dit alles om hulle vryheid te beskerm. Hierdie edele beginsel waarna die Afrikaner strewe, word pragtig beskryf deur die skryfster Olive Schreiner, suster van die eerste minister in die Kaapse kolonie tydens die Tweede Vryheidsoorlog: "(The African Boer) is one of the most intellectually virile and dominant races the world has ever seen, a people who, beneath a calm and almost stolid surface, hide the intensest passions and the most indomitable spirit -
Thoughts on South Africa"

Geraadpleegde Bronne

1. http://majestic-farms.com/History.cfm
2. www.cbs.nl/NL/PUBLICATIES/artikelen/bedrijfsleven/landbouw/grasenwater.htm
3. http://groups.msn.com/keningredbad/frieseidentiteitindegroningerommelanden.msnw
4. www.ultralingua.net/?action=define&text=bog&service=&searchtype=stemmed&service=english2english
5. www.archeon.nl/vvva/nieuwsbrief/9-6/zout3.htm
6. www.i-friesland.com/history.html
7. www.meertens.knaw.nl/voornamen/VNB/index.php
8. http://meilleursprenoms.com/stats/histo_english.php3?recherche=gaele&submit2

P.D. - Ons vorige Redakteur

Iemand vra: Skryf iets oor P.D. wat so lank ons Redakteur was. Met groot huiwering doen ek dit - natuurlik nie oor die inhoud van wat hy oor al die jare in die Nuusbrief geskryf het nie, want dit kan nog daar gelees word - dit gaan hier oor hoe hy opgetree het teenoor die bestuur en sy "kollegas" wanneer dit oor die Nuusbrief gegaan het.

Aan my, as kassier, het P.D. gewoonlik 'n begeleidende brief saam met die intekengeld, wat by hom uitgekom het, gestuur. Ek het nog ses van dié briewe in my besit en dit sou nie NUUS gewees het nie, maar nou moet ek noem dat daar bv. een brief by was wat vyf bladsye beslaan het en een brief van twee groot velle op papier van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die 5-velle brief, mooi in sy egalige handskrif, het veral gegaan oor die oorname van die Nuusbrief by Tjaart (TSP) in 1986 en in die brief kan jy merk dat P.D. groot planne het want hy noem selfs die vorige uitgawe "'n bladjie".

Na oorname het hy moeite gedoen om kontakte uit te bou en noem PD dat hy o.a. ook met Prof Charles van der Walt geskakel het en ons weet dat hy met die baie kontakte só geslaag het, dat ons Nuusbrief wyd ondersteun is met nuusbydraes en intekening.

In sy briewe het hy homself ook so sydelings op hoogte gehou van die finansies van die Van der Walt onderneming en ook voelers uitgestuur van hoe die lesers die Nuusbrief vind.

PD het altyd groot waardering gehad vir bydraes van "buite" en nooit, soos 'n mens by sommige publikasies ondervind, hom die reg op die Redakteurstroontjie toegeëien nie. En so onthou ek PD, ons vorige Redakteur.

Deur : H.B. van der Walt

'N DROOM - WIE WIL GRAAG SAAMDROOM?

Die droom waarmee ek al 'n paar jaar rondloop, deel ek graag hier met my vangenote. Dit is om die swart- en wit prentjie wat ons van ons voorgeslagte het - net hulle name, geboorte- en sterftedatums en daarby dalk die plekname (d.w.s. blote genealogiese gegewens) in te kleur deur iets van hulle geskiedenis in romanvorm te vertel. Met ander woorde nie 'n droë, feitelike relaas nie, maar 'n boeiende verhaal waarin dié vergeelde portretfigure kan herlewe teen die dékor van hulle kultuur-historiese omstandighede.

Oor so iets kan natuurlik veel makliker gedroom as geskrywe word! Dit sal nie net harde navorsing nie, maar daarby ook groot verbeeldingskrag verg. Die droom wil my egter nie loslaat nie. Veral vanjaar (2005), die jaar waarin ons die geboorte van Geele Andries van der Walt, ons stamvader, 300 jaar gelede, herdenk.

Die verwesenliking van die ideaal lyk vandag egter nie meer so onmoontlik soos 'n paar jaar gelede nie. Een rede daarvoor is dat ons die afgelope tyd verryk is met heelwat lektuur oor die Afrikaanse vroeëre geskiedenis.

Wat die vroeë Kaapse geskiedenis betref, dink ek byvoorbeeld net aan die volgende bronne: Karel Schoeman se 'n Duitser aan die Kaap (1724-1765) en sy vroeëre (1998) Merksteen; 'n dubbele biografie; Daleen Mathee se roman Pieternella van die Kaap; Dan Sleigh se Eilande en sy (in 2005 weer herdrukte) Die Buiteposte; Willem Kruywagen se proefskrif (2004):

Die Cruywagens van Suid-Afrika: 'n genealogiese en kultuurhistoriese ondersoek (1690-1806) asook H. Gillomee se boek The Afrikaners (2003), wat ook oor die verdere geskiedenis gegewens bevat.

Oor die Groot Trek bestaan daar (uit vroeëre tye) heelwat bronne om na te slaan - ook al is dié geskiedenis dikwels veridealiseer.

Oor die Anglo-Boereoorlog het daar by die eeuwisseling (1992-2002 en daarna), met die honderdjarige herdenking daarvan, talle romans (van Ingrid Winterbach alleen drie, naamlik Belemmering, Bulter se plan en Niggie) asook historiese weergawes verskyn, wat hierdie veelbewoë periode in ons geskiedenis help herleef.

Ten spyte daarvan dat sekere periodes vandag beter beskrywe is, bestaan daar nog steeds "gapings" oor ander tydperke van die (DV in 2027) 300-jarige teenwoordigheid van die Van der Walt-familie in Suid-Afrika. Hulle sal maar uit die meer algemene (veral nuwere) Suid-Afrikaanse geskiedenisboeke aangevul moet word. Voorbeelde hiervan is T. Cameron & S.B. Spies se Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika (1991); die Reader's Digest illustrated history of South Africa; the real story (1995); W. Beinart se Twentieth Century South Africa; N. Warden se The making of the modern South Africa en R. Ross se Concise history of South Africa.

Hoe dit ookal sy, naas die twee geslagsregisters (van C.M., E.J. en T.S.P. van der Walt in 1989 en die een van A.J. en C.M. van der Walt in 1998) hethet ons behoefte aan 'n lekker-lees roman oor die Van der Walts in Suid-Afrika. Dit sal egter groot werk wees - byna 'n lewenstaak.

Soos reeds gesê, droom ek daaroor om met soiets te begin. Of dit ooit sal klaarkom of gepubliseer sal word, is 'n ope vraag. Maar as u wil saamdroom, skryf dan aan my (adres hieronder). Uit u reaksie sal ek ten minste kan aflei of dit die moeite werd sal wees om verder daaroor te droom ...

Bennie van der Walt

Bezuidenhoutstraat 7
Oewersig
Potchefstroom, 2531

Nageslag van Gaele van der Walt

GAELE ANDRIESZ VAN DER WALT
1705 - 2005
GEBORE 300 JAAR GELEDE

Ongelukkig is dit moeilik om ‘n ode te bring aan Gaele omdat hy vir ons as oupa onbekend is, sy nasate is ook onbekend want dit is net name en nommers waarmee ‘n mens werk. Tog kan ons feite uit ons argiewe gebruik asook inligting wat familie die afgelope jare aan ons besorg het om ‘n boek saam te stel.
Hiermee bring ons hulde aan die Stamvader. Dit was ons Hemelse Vader se wilsbeskikking dat Gaele hier sou voortplant in Suid-Afrika en nie in Nederland nie.
Gaele Andriesz - Dit is moeilik om na hom te verwys as “Oupa” Gaele want as genealoog is hy by my ‘n stamvader en dus word altyd na hom verwys as “die stamvader.” Dit is ‘n groot eer om hier kortliks ‘n oorsig te gee van sy geboorte 300 jaar gelede en die voortplanting hier in Suid-Afrika oor die laaste 278 jaar sedert sy aankoms.
Friesland het sy onafhanklikheid 500 jaar gelede verloor en het toe een van elf provinsies van Nederland geword. Die provinsie het deel geword van die Nederlande toe hy aangesluit het by verdrag van Utrecht in 1579 om die oorheersing van die Spanjaarde teen te staan.
Voor 1800 was daar weinig “plattelanders” in Friesland wat “agtername” of ‘n van gehad het, anders as die “stedelinge.” In 1749 word twee vanne genoteer nl. Jan Pytters Boustra, dorpsregter en chirurgyn asook Pytter van der Ley, veenbaas. In 1811 toe die by Frankryk ingelyf is, het Napoleon opdrag gegee dat alle mense ‘n “familienaam” vir homself en sy minderjarige kinders moes kies. Dit is 84 jaar nadat Gaele aan die Kaap geland het.
Soms is die familienaam só gekies dat dit beskrywend is van die persoon se werk, sy vader se naam “Patroniem” of die plek waarvandaan hy kom of gewoon het. Opvallend in Friesland was 13% van die mense wat verwys na die “Veen” bv. Van der Veen, Veenstra, Venema, Venekamp, Vening. Ook die van Van der Wal, Waller en Walstra, word in die van verwys na die “Wal.”

Hier verskyn vanne wat aangeneem is in 1811/1829:

Nering/Herkoms	**Persentasie**	**Familienaam**
Werk in die veen	13/15%	Van der Veen, Veenstra, Venema, Venekamp, Vening en Hogeveen
Toponiem: de Wal	6.5/5%	Van der Wal, Waller, Walstra
Toponiem: de Hoek	5/5%	Van der Hoek, Hoekstra
Beroep: Visser	4/3%	Visser
Bome, bos, woud	4/5%	Boskma, Lindeboom,
Beroep: Jagter	2.5/2%	Van der Woude, Woudstra Jager, Jagersma
Friese afkoms	2.5/3%	De Vries, Vriesinga, Vrieswijk
Beroep: Boer	2.5/5%	De Boer, Boersma
Beroep: Skeepsbouer	2/3%	Hellinga, Van der Werf
Postuum*	2/4%	Postma

** Wanneer die vader oorlede is voor die kind gebore is.*

Gaele se ouers was lidmate van die Hervormde Kerk in Veenwouden en sy geboortedatum kan ook nie opgespoor word nie, omrede die doopregister eers in 1706 aangelê is in dié kerk. Sy geboortejaar word bepaal in die huweliksregister van Stellenbosch waar in die register na hom verwys is as

Nageslag van Gaele van der Walt (vervolg)

"37 jarige jongman, in 1742. Die volgende is 'n broer en suster van Gaele wat in die doopregister van die Hervormde Kerk, Veenwouden, voorkom. Of hy die oudste kind was, en of hulle net vier kinders was, kon nog nie bepaal word nie.

TRIJNTJE	Andriesse	=	Veenwouden	13.03.1707
CLAAS	AndriesZoon	=	Veenwouden	17.11.1709
ANTJE	Andriesse	=	Veenwouden	11.08.1715

U sal opmerk dat na dogters verwys word as kind van Andriesse en die seun na Andriesz(oon).
Die familienaam Van der Walt word vir die eerste keer gebruik op Stellenbosch 16.11.1742 in die Huweliksregister met Gaele Andriesz van der Walt en Johanna Weyers se huwelik.
Hoekom Gaele sy woonplek verruil het as matroos en na die Kaap gekom het, weet ons nie, behalwe dat sy moeder reeds oorlede is in 1727. Indien hy in Nederland sou bly en nie Kaap toe sou kom nie, was hy net nog "nommer of nog 'n Fries." Met sy koms na die Kaap word hy die "Stamvader" van die Van der Walts en laat 'n groot nageslag hier in Suid-Afrika na.

1727 AANKOMS
Gaele se naam verskyn in die monsterrol van 1727 as MATROOS GEELE ANDRIESZ, dieselfde jaar as goewerneur Pieter Gijsbert Noodt, wat op 13.02.1727 voet aan wal gesit het.

BUITEPOS VISHOEK
Gaele se verblyf van 1729 tot 1734 by die buitepos Vishoek, suid van Kalkbaai en aan die westekant van Valsbaai.

1729
In 1729 verskyn sy naam in die monsterrol as MATROOS GEELE ANDRIESZ in die pos van POSHOUER by die buitepos Vishoek en hy was in bevel van 4 matrose.

1730 KRY 'N HOË R RANG
In 1730 gee die monsterrol Geele Andriesz aan as die Poshouer in die pos van Kwartiermeester by die buitepos Vishoek en in bevel van 3 matrose - hier word die eerste keer na hom as Kwartiermeester verwys.

1731 tot 1734
Die monsterrolle van 1731 tot 1734 word hy nog vermeld as Kwartiermeester in die pos by Vishoek, met 4 matrose wat onder hom gewerk het. Dus weet ons dat Gaele sedert sy aankoms in 1727 as matroos en Kwartiermeester by die buitepos Vishoek in diens was van die V.O.C. tot 1734.

1734 tot 1745
Na Gaele Andriesz se ontslag as matroos in 1734, werk hy tien jaar lank as "kneg" by boere, in diens van V.O.C. amptenaar en kry in 1745 vryburgerskap. Dit verklaar waarom daar in die huweliksregister na hom verwys word as "Geele Andriesz van der Walt, kwartiermeester in diens Oos Indiese Companje" en waarom daar eers op 15 NOVEMBER 1746 weiregte op Uijtkyk aan die Doornrivier in die Roggeveld aan hom toegeken is. Dr. Dan Sleigh gee 'n beskrywing van die take by die buitepos Vishoek. Ek haal hom aan:

Nageslag van Gaele van der Walt (vervolg)

"Die Politieke Raad het op 6 Oktober 1716 besluit om nie weer die kontrak aan burgers te verleen nie, maar om met sy eie bote en matrose vir die slawe se vis te sorg. Twee groepe vissers in diens van die VOC het begin: die eerste groep van sewe mans in 1717 tot 1721 en die tweede groep van vier vissers by die buitepos Vishoek, hierdie pos het sy bestaan gehad vanaf 1717 tot 1791. Die pos is deur matrose beman. Die poshouer was gewoonlik 'n "kwartiermeester", sodat sy rang hom onteenseglik skipper van die visskuit gemaak het. Hul daaglikse taak was die vangs, insout en droog van vis, die herstel van hul visnette, die instandhouding van hul boot, die aflewering van die vis by die amptenare se huise in die Kaap, wat 29 km van Vishoek af was en dan die terugbring van vars proviand. Dr. Sleigh sê dat hul bestaan dié van 'n afgeleë Nederlandse vissersgemeenskap was. Die buitepos "Simons Baaij" het sy ontstaan in 1743 gehad en het die gesag van die VOC verder Suid uitgebrei. Die poshouer van die pos by Simonsbaai was hoër as by Vishoek en het die gesag en invloed suid van Steenberghoek oorgeneem, met 'n opdrag van die goewerneur om toe te sien dat die vissers goed en ordelik werk, en nie op skepe wegkruip om te dros nie."

Ons stamvader en -moeder was ryklik geseën met 'n baie groot nageslag. Soos ons almal weet, het hulself agt kinders gehad en hulle het almal grootgeword, getrou en kinders gehad. Drie dogters en vyf seuns was hulle beskore.

Hoe groot hul nageslag werklik sou wees as ons 'n volledige register kon saamstel, sou baie meer gewees het as wat tans in die register is, nl.

Nasate met die familienaam Van der Walt	± 13 000
Nasate waar die Van der Walt dogter trou	± 5 000
Alle rekords	± 18 000

Dan alle name, skoonouers ingesluit, bevat die register bykans 32 000 name.

Dat die nasate Van der Walt van 1743 tot 2005, hier seker baie groter is as wat ons dink, dalk bereken op minstens 100 000 of 200 000 - niemand weet regtig nie.

Die stamvader se naam kom van 1727 met sy aankoms in geen kerklike register aan die Kaap voor nie. Die eerste keer was met sy huwelik. Dit impliseer nie dat hy kerkloos was nie; daar is geen bewys daarvoor gevind nie. Ons weet al sy kinders is in die kerk gedoop en dit verseker ons dat die ouerpaar wel lidmate van 'n gemeente was.

In 1743 word sy oudste kind Andries gedoop op Stellenbosch 10.11.1743 en is oorlede op Tulbagh 05.06.1776 ca. 32 jaar oud. Gaele se nageslag het by Andries doodgeloop want het hy net twee dogters gehad.

Dus word Gaele se "nageslag Van der Walt" uit net vier seuns gebore, (b2) Hendrik, (b4) Tjaart, (b5) Johannes Petrus en (b8) Nicolaas.

Die ouderdomsverskille in die verskillende takke word soos volg weerspieël:
Die oudste kleinkind van die stamouers is:
(b3c01) Gerrit Olivier gedoop 12.03.1766 s.v. Renske van der Walt

Nageslag van Gaele van der Walt (vervolg)

Die jongste kleinkind is:
(b08c11) Hendrik Tjaart Jacobus gebore Gr-Rt 27.08.1803 s.v. Nicolaas van der Walt

Dit maak dat daar ‘n ouderdomsverskil tussen die neefs is van meer as 37 jaar. Hoekom sê ek meer as 37 jaar? Omdat Gerrit Olivier se doopnaam bekend is, maar nie sy geboortedatum nie.

In die 9de geslag (i) is daar ‘n groter verskil in ouderdom tussen bv.:
b04c02d02e10f01g05h05i02 Petronella Margaretha Bornman is gebore 19.01.1851
b08c11d02e07f02g02h04i03 Jaco Harm Pretorius is gebore 05.09.1998, dit is ‘n ouderdomsverskil van 147 jaar en 7 maande en dit is neef en niggie in die 9de geslag.

Daar is reeds kinders wat in die 11de geslag gebore is en as ons dit mooi bekyk en daar is geen neef en niggie wat met mekaar getrou het nie, dan dra die 11de geslag net die familienaam Van der Walt en is Gaele se bloed lankal vermeng met vele ander stamvaders en -moeders se bloed. Dus kan niemand sê ek het Friese bloed in my are nie. Dit word bepaal in ‘n kwartierstaat wat so sal lyk, onthou die volgende gebeur hier, die 12de geslag (L) het ± 2048 voorouers:
jy het 2 ouers
jy het 4 grootouers
jy het 8 oor-grootouers, ens., dus lyk die prentjie só:

Geslag	Ouers
a	2
b	4
c	6
d	8
e	16
f	32
g	64
h	128
i	256
j	512
k	1024
l	2048

In die Van der Walt register kom daar ± 600 verskillende vanne voort.

Die nasate van die stamouers Van der Walt het op vele gebiede uitgestyg nl. Boere, ambagsmanne, polisie, weermag, mediese dokters, predikante, argitekte, ingenieurs, onderwys en akademies. Ons dra ook kennis van twee regters van die Hooggeregshof wat die van Van der Walt dra. Daar is te veel om hier op te noem, maar dit sal seker van pas wees om die volgende persone uit te sonder:

Ons dink hier aan Komdt. Tjaart (b04) en sy broer Komdt. Johannes Petrus (b05). Dan weet ons dat Nicolaas (b08) lid van die Heemraad was. Tjaart se seun het ook gesneuwel in ‘n veldslag soos sy pa.

Nageslag van Gaele van der Walt (vervolg)

b02c02 Andries = Tulbagh 06.08.1769 is vermoor in 1798 en sy ma Hester skryf die volgende gedig:

"o Zware druk, o droeve banden!
Daar ligt mijn dierbare kind!
Verwoed vernield, door wreedaards handen,
Mijn lieve zoon door mij so teêr bemind,
Hij de zoo neeuw ligt aan my hart,
o Zware druk, o tranen, smart!
Het tedere moeders hart bezwijkt"

b02c03d03e05f07g01h01	Johannes Christiaan van der Walt gebore 14.05.1939 (Rektor RAU)
b05c01d02e01f03g14h05	Charles Peter van der Walt gebore 06.10.1921 (Prof en Rektor POK)
b05c06d07e07f04g01	Andries Jacobus Hendrik (Johannes) van der Walt gebore 12.10.1893 oorlede Pretoria 16.08.1972 (hy was die eerste Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika)
b08c05d09e05f14g01	Louis Krüger van der Walt gebore 30.09.1932 (Prof en Rektor Onderwyskollege Port Elizabeth)
b08c05d09e11f05g01	Tjaart van der Walt gebore 15.02.1934 (Prof Teologie en Rektor PU vir CHO)

Ons kan ook verwys na baie van hierdie familie wat geveg het in verskillende oorloë en baie Van der Walts was ook gevange geneem en het gesterf, hier dink ons aan die konsentrasiekampe in die Anglo-Boereoorlog 1899 - 1902. Ons dink aan die wat gesterf het in die dinamietontploffing by Braamfonteinstasie, Johannesburg op 26.02.1896 nl:

Isabella Elisabeth van der Walt (née Jacobs) *ca. 1834 eggenote van Hendrik Bernardus Jacobus van der Walt b4c09d04e02
Anna Sophia van der Walt (née Steyn) *ca. 1857 eggenote van Douw Gerbrand van der Walt b5c06d06e10
Hester Hendrina Katharina van der Walt *ca. 1882 d.v. Douw Gerbrand van der Walt b5c06d06e10
Johanna C. van der Walt *ca. 1891 d.v. Douw Gerbrand van der Walt b5c06d06e10
Douwlina G. van der Walt *ca. 1893 d.v. Douw Gerbrand van der Walt b5c06d06e10

C.M. (Christie) van der Walt

Bronne gebruik:
Sleigh D. 1993. Die Buiteposte: VOC - Buiteposte onder Kaapse Bestuur (1652 tot 1795)
Van der Walt AJ en CM. 1999. Stamregister van der Walt: Lochwalt Uitgewers, Potchefstroom
Woelinga H en Veenstra-Haakma M. 1998. 350 jaar Hervormde Kerk Veenwouden 1648-1998
Wielinga K. (eindredaksie), Stavenga K. en Wijbenga J. 2002. Skiednis fan Feanwalden, de Wal en Kukherne.